# NUUS | SAOU | NEWS

## NATIONAL | NASIONAAL

Nasionale Kantoor / National Office: Tel: 086 072 6843 | Email/Epos: saou@saou.co.za

28/11/2016

34/2016

## SAOU TOEP
## Wenner van strandvakansie




## SAOU APP
## Winner of beach holiday




## 2017 SAOU Kongrestoekennings

## Aanvraag van Benoemings

Om erkenning te gee aan SAOU lede se uitnemendheid, het die SAOU se Nasionale Uitvoerende Raad besluit dat die SAOU weer tydens sy eerskomende Nasionale Kongres op 30 Junie 2017 toekennings aan lede, skole en Hoër Onderwysinstellings sal maak. Lede word uitgenooi om benoemings te maak aan die hand van die volgende algemene kriteria:

- ‘n Persoon mag hom/haarself nomineer.
- Genomineerde kan in diens van die Departement van Basiese Onderwys of ‘n skool se Beheerliggaam wees.
- Genomineerde moet ‘n SAOU lid wees.
- Wenners van die 2014 SAOU Kongres toekennings mag nie weer vir dieselfde toekenning genomineer word nie.
- Die genomineerde moes in die tydperk tussen die vorige Kongres en die komende Kongres in diens gewees het, sowel as ‘n SAOU lid gewees het.
- ‘n Benoeming word gemaak aan die hand van ‘n volledige skriftelike motivering. Geen onderhoude sal met kandidate gevoer word nie.
- Die skriftelike motivering moet vergesel wees van:
    - Nominasievorm
    - ‘n Onlangse kleurfoto (Jpg formaat – kop en skouers)
    - Gesertifiseerde afskrif van SARO registrasie

## 2017 SAOU Congress Awards

## Call for Nominations

To acknowledge excellent performance, the SAOU’s National Executive Council has decided to make awards to members, schools and Higher Education Institutes during the forthcoming SAOU National Congress on 30 June 2017. Members are invited to make nominations on the basis of the following criteria:

- A person may nominate him/herself.
- A nominee must be employed by either the Department of Education or a School Governing Body.
- A nominee must be an SAOU member.
- Winners of the 2014 SAOU Congress Awards may not be nominated again for the same award.
- The nominee must have been in service between the last Congress and the upcoming Congress, and a SAOU member.
- Nominations will be made in the form of a written motivation. Candidates will not be interviewed.
- The written motivation must be accompanied by:
    - Nomination form
    - A recent colour photo (Jpg format – head and shoulders)
    - A certified copy of SACE registration

More information as well as the motivation form and criteria are available on the SAOU website (www.saou.co.za ). Nominations and motivations can

| | |
|---|---|
| Meer inligting, sowel as die nominasievorm en kriteria waarvolgens die benoeming gemaak word, is op die SAOU se webwerf beskikbaar (www.saou.co.za). Benoemings en motiverings kan elektronies of in harde kopie ingestuur word. Die eerste rondte beoordeling sal in provinsies plaasvind.<br><br>Benoemings kan vroeg in 2017 ingestuur word na die betrokke SAOU provinsiale kantoor. 'n Gedetailleerde provinsiale nuusbrief sal vroeg in 2017 aan lede voorsien word. Vir enige verdere navrae in die verband, kontak u SAOU Provinsiale kantoor. | either be submitted electronically, or in hard copy. The first round of adjudication will take place in provinces.<br><br>Nominations must be sent to the relevant SAOU provincial office. Full details will be provided in a Provincial Newsletter early in 2017. For any queries in this regard, please contact your SAOU Provincial office. |
| **Behuising<br>GEHS-registrasie** | **Housing<br>GEHS Registration** |
| • Wie moet registreer?<br>Die SKBR Resolusie 7/15 vereis dat **alle** werknemers wat tans die behuisingtoelaag ontvang, of wat in die toekoms daarvoor wil aansoek doen, **moet registreer**.<br>• Waar en hoe word geregistreer?<br>Besoek www.gehs.gov.za en volg die volgende stappe:<br>○ Kliek op "Employee Enrolment"<br>○ Kliek op "Enrol now"<br>○ Kliek op "Sign up" en voltooi<br>• Waar kan meerdere inligting bekom word?<br>○ Skakel die Inbelsentrum 0861 12 34 34<br>○ Besoek die webwerf en kliek op "FAQs" | • Who must register?<br>The PSCBC Resolution 7/15 **requires all** employees who currently receive the allowance, or wish to apply for the allowance in future, **to register.**<br>• Where and how must you register?<br>Visit www.gehs.gov.za and follow the following steps:<br>○ Click on "Employee Enrolment"<br>○ Click on "Enrol now"<br>○ Click on "Sign up" and complete<br>• Where can more information be obtained?<br>○ Call the Call Centre 0861 12 34 34<br>○ Visit the website and click on "FAQs" |